

TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: Vanstadensrivier..... Sinode: NG Kerk in Oos-Kaapland

Belangrik

1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepsgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.
2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.
3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan:** Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.
4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by www.ngkok.co.za/eenheid. Dit sluit **hierdie terugvoervorm** en die meegaande boekie, **Konsultasie oor Kerkhereniging**, in.

A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
[Merk al die blokkies wat van toepassing is]
x Kerkraad
x Wyke
x Kleingroepe
x Lidmate: byeenkoms
x Lidmate: individueel
.. Ander:
2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?
x Ja
.. Nee

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?

Mening oor die voorstel?

1. Net sowat 10% lidmate was ten gunste van hereniging.
2. BB vir die oorgrote meerderheid onaanvaarbaar.
3. Die nie-onderskrywing van BB deur sommige sal verdeeldheid meebring en eensgesindheid verbreek.
4. BB het 'n politieke agtergrond. In die huidige bedeling is dit nie meer nodig nie.
5. Volgens BB behoort die VGK nou ook te praat oor blankes wat benadeel word.
6. Pt 6. Indien BB deel van die proses is, sal die NGK skeur.
7. Hereniging kan net sonder enige voorbehoude van enige van die kerke plaasvind.
8. Lidmate baie ontsteld oor pt 2 op p 1."nie meer om die OF nie, maar oor die HOE." Die proses van 2004 is onder die tafel gedoen en lidmate het niks daarvan geweet nie. Kerkrade het die saak goedgekeur net om dit van die tafel af te kry.(pt 3 p 5)
9. Dit gaan om kleur en nie om ware eenwording nie.
10. Indien mense aanbly in die NGK, sal hulle uiteindelik gedwing word om BB te aanvaar.
11. Ons het nie BB nodig nie. Die Belydenisskrifte moet net in meer eenvoudige Afr vertaal en dan gepreek word.
12. BB is nie versoenend nie; dit verdeel eerder.
13. Stel 'n nuwe BS saam wat al die ander in een verwoord.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

1. Sien die ingeslote persoonlike kommentaar.

Nuwe/ ander voorstelle?


1. Stel 'n nuwe BS saam wat al die ander in een verwoord; in verstaanbare Afrikaans.

C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

1. Lidmate vertrou nie die Algemene Sinode nie. "Ons kan hulle nie met hierdie nuwe model vertrou nie."
2. Hierdie gesprek oor hereniging het soos 'n skok gekom. Ons word nie op die hoogte van sake gehou nie.
3. Die kerk gaan skeur. Sommige lidmate het openlik gesê dat hulle nou reeds "gaan loop".
- 4.. Groot vyandigheid jeens 'n nuwe naam.
5. Die belofte van "nie geforseer word nie" is leë beloftes. (pt 3 p 17)
6. Christus se woorde in Joh 17 kan ook anders verklaar word. Ons aanbid die Drie-enige God; drie Persone, een God. Net so, drie/vier kerke met een gereformeerde belydenis.
7. Taal en kultuur sal ware eenheid verongeluk. Ras en kleur nie 'n probleem nie.
8. Vir die swart mense is die voorvader geeste belangrik en ineengevleg met hul godsdiens.
9. Vertrou nie 'n nuwe AS met leerstellige sake nie (pt4, p 17). Ons eie kerk huiwer nou reeds om onomwonde standpunt in te neem oor belangrike sake en staan neutraal. "Ons het lankal ons respek vir die kerk se leierskap verloor".
10. Wat word van ons gemeente se eiendomme?
11. Die ander kerke moet begin leer wat offervaardigheid is en ophou bakhand staan. In die nuwe bedeling kry almal dieselfde salarisse. Intendeel, dis die blankes wat vandag benadeel word.
12. Daar sit bymotiewe agter hierdie hele proses.
13. Ons is in die minderheid en sal deur die anderskleuriges oordonder word, veral as hul mense in leiersposisies kom.
14. Indien ons gemeente "nee" stem vir KH, en die kerk in sy geheel stem "ja", wat word dan van die meerderheid in ons gemeente. Moet hulle maar loop en 'n ander kerk stig of elders aansluit; en behoort die eiendomme dan aan die minderheid.
15. Ons word nou geforseer met die geweerloop teen ons koppe.
16. Ons word uit die NG Kerk weggejaag.
17. Julle gee nou vir onbetrokkes aan wie daar hard gewerk word, nou 'n rede om weg te bly.
18. Verhoudings in gemeentes word nou deur hierdie prose versteur.
19. Verskille kan geskille word.



Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

1. Geen kommentaar



Nuwe/ ander voorstelle?

1. Sien kommentaar van J J Schoeman pt 5 p 3.

D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

1. Indien hereniging meebring dat meer mense bereik word, aanvaar ek dit. (Seker met die Evangelie asook hulp aan armes, vigs ens.)
2. Gaan ons weer iets begin en dan moet die blankes alles finansier en klaarmaak terwyl ander hulle onttrek en arms gevou staan en toekyk.
3. Gesamentlike projekte moet aangepak word en van hieruit sal dan 'n natuurlike behoefte aan hereniging in die harte van lidmate gebore word.
4. Die Gesamentlike Herenigingskommissie moenie "agter die berg" werk nie, maar lidmate moet gereeld ingelig word oor wat presies aan die gebeur is en dan liefs skriftelik sodat ons self kan lees en vir onself besluit.
5. Pt 4b p 19. Lidmate moet genoeg tyd gegun word om die verslae te bestudeer.
6. Gesamentlike projekte kan en sal versoening tussen lidmate van die verskillende kerke bevorder.
7. Bly asseblief by die voorstel van pt 3.6 p 18.
8. My kommentaar: Lidmate baie positief en selfs entoesiasies oor hierdie aspek.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

1. Geen kommentaar

Nuwe/ ander voorstelle?

1. Hou ons voortdurend op die hoogte van julle besluite en gee ons genoeg tyd om dit as gemeentes te bestudeer en besluite te neem. M.a.w neem ons saam op die pad en moenie ons laat voel dat ons

uitgesluit word by die proses nie. Ons al nie toelaat dat die AS vir ons besluit nie.



E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

1. Die huidige konflikte wat nou al baie lank aan die gang is, bring wrywing en skeuring. Dit is ons voorland as hereniging ryp gedruk word soos nou.
2. Versoening begin in die hart van die mens; kerkhereniging is nie noodwendig 'n produk daarvan nie.
3. Die hele proses van KH bring juis 'n breuk mee tussen lidmate en die broederliefde word versteur.
4. Die NGK gaan skeur want hierdie veldtog werk nie versoening in die hand nie.
5. Ons vertrou hierdie proses glad nie want die AS het bewys dat ons hom nie kan vertrou nie.
6. Versoening kom voor vereniging.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

1. Gaan voort soos julle wil, maar as die BB op my afgedwing word, is punte 2,3 en 4 alles niksseggend.

Nuwe/ ander voorstelle?

1. Geen.

F. Moontlike naam van 'n nuwe kerkverband

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van 'n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

..NGKerkfamilie.....
.....
.....
.....

Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

Stuur hierdie vorm voor 31 Oktober 2007 aan: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055